



Government Gazette Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 589 Cape Town,
Kaapstad, 23 July 2014

No. 37863

THE PRESIDENCY

No. 583 23 July 2014

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

Act No. 32 of 2014: Customs and Excise Amendment Act, 2014

DIE PRESIDENSIE

No. 583 23 Julie 2014

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

Wet No 32 van 2014: Wysigingswet op Doeane en Aksyns, 2014



AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

- [] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.
- Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

*(English text signed by the President)
(Assented to 21 July 2014)*

ACT

To amend the Customs and Excise Act, 1964, so as to delete all provisions superseded by general provisions of the Customs Control Act applicable to all tax levying Acts; to delete all provisions relating to the customs control of imported goods and goods to be exported; to delete all provisions relating to the imposition, collection and refunding of customs duties and other matters relating to customs duties; to limit the remaining provisions of the Act to excise duties, fuel levies, Road Accident Fund levies, environmental levies, air passenger taxes and matters relating to such duties, levies and taxes; and to change the name of the Act to the Excise Duty Act, 1964; and to provide for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 91 of 1964, as amended by section 1 of Act 95 of 1965, section 1 of Act 57 of 1966, section 1 of Act 105 of 1969, section 1 of Act 98 of 1970, section 1 of Act 71 of 1975, section 1 of Act 112 of 1977, section 1 of Act 110 of 1979, sections 1 and 15 of Act 98 of 1980, section 1 of Act 89 of 1984, section 1 of Act 84 of 1987, section 32 of Act 60 of 1989, section 51 of Act 68 of 1989, section 1 of Act 59 of 1990, section 1 of Act 19 of 1994, section 34 of Act 34 of 1997, section 57 of Act 30 of 1998, section 46 of Act 53 of 1999, section 58 of Act 30 of 2000, section 60 of Act 59 of 2000, section 113 of Act 60 of 2001, section 131 of Act 45 of 2003, section 66 of Act 32 of 2004, section 85 of Act 31 of 2005, section 7 of Act 21 of 2006, section 10 of Act 9 of 2007, section 4 of Act 36 of 2007 and section 22 of Act 61 of 2008

1. Section 1 of the Customs and Excise Act 1964, (hereinafter referred to as the principal Act) is hereby amended—

- (a) by the deletion in subsection (1) of the definitions of “break bulk goods”, “bulk goods”, “bulk goods terminal”, “bulk goods terminal operator”, “combination terminal”, “combination terminal operator”, “container depot”, “container depot operator”, “container operator” and “container terminal operator”;
- (b) by the insertion in subsection (1) after the definition of “Controller” of the following definition:
“**‘customs controlled area’** has the meaning assigned to it in the Customs Control Act;”;
- (c) by the substitution in subsection (1) for the definition of “crew” of the following definition:

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

- [] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrapings uit
bestaande verordenings aan.
- _____ Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande
verordenings aan.

(Engelse teks deur die President geteken)
(Goedgekeur op 21 Julie 2014)

WET

Tot wysiging van die Doeane en Aksynswet, 1964, om alle bepalings wat vervang word deur die algemene bepalings van die Wet op Doeanebeheer van toepassing op alle belastingheffings-Wette, te skrap; om alle bepalings wat betrekking het op die doeanebeheer van goedere wat ingevoer is of uitgevoer staan te word, te skrap; om alle bepalings wat betrekking het op die oplegging, insameling en terugbetaling van doeaneregte te skrap; om die oorblywende bepalings van die Wet tot aksynsregte, brandstofheffings, Padongelukfondsheffings of omgewingsheffings, lugpassasiersbelastinge en aangeleenthede wat op sodanige regte, heffings en belastinge betrekking het, te beperk; en om die naam van die Wet te verander na die Wet op Aksynsreg, 1964; en om vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan, voorsiening te maak.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 91 van 1964, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 95 van 1965, artikel 1 van Wet 57 van 1966, artikel 1 van Wet 105 van 1969, artikel 1 van Wet 98 van 1970, artikel 1 van Wet 71 van 1975, artikel 1 van Wet 112 van 1977, artikel 1 van Wet 110 van 1979, artikels 1 en 15 van Wet 98 van 1980, artikel 1 van Wet 89 van 1984, artikel 1 van Wet 84 van 1987, artikel 32 van Wet 60 van 1989, artikel 51 van Wet 68 van 1989, artikel 1 van Wet 59 van 1990, artikel 1 van Wet 19 van 1994, artikel 34 van Wet 34 van 1997, artikel 57 van Wet 30 van 1998, artikel 46 van Wet 53 van 1999, artikel 58 van Wet 30 van 2000, artikel 60 van Wet 59 van 2000, artikel 113 van Wet 60 van 2001, artikel 131 van Wet 45 van 2003, artikel 66 van Wet 32 van 2004, artikel 85 van Wet 31 van 2005, artikel 7 van Wet 21 van 2006, artikel 10 van Wet 9 van 2007, artikel 4 van Wet 36 van 2007 en artikel 22 van Wet 61 van 2008

1. Artikel 1 van die Doeane en Aksynswet, 1964 (hierna verwys as die Hoofwet), 15 word hierby gewysig—

- (a) deur in subartikel (1) voor die omskrywing van “aksynsreg” die volgende omskrywings in te voeg:

“**‘aksynsopslagpakhuis’** enige perseel ingevolge hierdie Wet as 'n pakhuis vir die berging van plaaslik vervaardigde synsbare goedere, brandstofheffinggoedere, omgewingsheffinggoedere of Padongelukfondsheffinggoedere gelisensieer; **‘aksynspakhuis’** 'n aksynsvervaardigingspakhuis of 'n aksynsopslagpakhuis;”;

- (b) deur in subartikel (1) na die omskrywing van “aksynsreg” die volgende omskrywings in te voeg:

“**‘Aksynstarief’** die Aksynstarief bedoel in artikel 43A;

- “**‘crew’** [includes every person (except the master or pilot) employed in any capacity on board any ship or aircraft] has the meaning assigned to it in the Customs Control Act;”;
- (d) by the insertion in subsection (1) after the definition of “crew” of the following definition: 5
“**‘Customs Control Act’** means the Customs Control Act, 2014;”;
- (e) by the substitution in subsection (1) for the definition of “customs duty” of the following definition: 10
“**‘customs duty’** means [, subject to the provisions of subsection (3), any] an import duty [leviable under Part 1 of Schedule No. 1 (except Parts 3, 4 and 5 thereof) or No. 2 on goods imported into the Republic] within the meaning of the Customs Duty Act;”;
- (f) by the insertion in subsection (1) after the definition of “customs duty” of the following definition: 15
“**‘Customs Duty Act’** means the Customs Duty Act, 2014;”;
- (g) by the deletion in subsection (1) of the definitions of “degrouper depot”, “degrouper operator” and “depot operator”;
- (h) by the substitution in subsection (1) for the definition of “duty” of the following definition: 20
“**‘duty’** means any excise duty [leviable under this Act], fuel levy or Road Accident Fund levy, and subject to—
(a) section 47B, any air passenger tax leviable under that section; and
(b) [subject to] Chapter VA, any environmental levy leviable under that Chapter,
but excludes a customs duty;”;
- (i) by the insertion in subsection (1) after the definition “excise duty” of the following definitions: 25
“**‘excise manufacturing warehouse’** means any premises licensed in terms of this Act as a warehouse for the manufacture of excisable goods, fuel levy goods, environmental levy goods or Road Accident Fund levy goods; 30
‘excise storage warehouse’ means any premises licensed in terms of this Act as a warehouse for the storage of locally manufactured excisable goods, fuel levy goods, environmental levy goods or Road Accident Fund levy goods; 35
‘Excise Tariff’ means the Excise Tariff referred to in section 43A;”;
- (j) by the insertion in subsection (1) after the definition of “excise value” of the following definitions: 40
“**‘excise warehouse’** means an excise manufacturing warehouse or excise storage warehouse; 40
‘excise warehouse transit procedure’ has the meaning assigned to it in the Customs Control Act;”;
- (k) by the substitution in subsection (1) for the definition of “exporter” of the following definition: 45
“**‘exporter’** [includes any person who, at the time of exportation— 45
(a) owns any goods exported;
(b) carries the risk of any goods exported;
(c) represents that or acts as if he is the exporter or owner of any goods exported;
(d) actually takes or attempts to take any goods from the Republic; 50
(e) is beneficially interested in any way whatever in any goods exported;
(f) acts on behalf of any person referred to in paragraph (a), (b), (c), (d) or (e),
and, in relation to imported goods, includes the manufacturer, supplier or shipper of such goods or any person inside or outside the Republic representing or acting on behalf of such manufacturer, supplier or shipper] has the meaning assigned to it in the Customs Control Act; and”;
- (l) by the substitution in subsection (1) for the definition of “home consumption” of the following definition: 60
“**‘home consumption’** means [consumption or use] that the goods may be consumed, utilised, processed or otherwise disposed of in the Republic as goods that are no longer subject to customs control;”;

- ‘aksynsvervaardigingspakhuis’** enige perseel ingevolge hierdie Wet as ’n pakhuis vir die vervaardiging van synsbare goedere, brandstofheffing-goedere of Padongelukfondsheffinggoedere gelisensieer;”;
- (c) deur in subartikel (1) die omskrywing van “beampte” deur die volgende omskrywing te vervang: 5
“**‘beampte’ [iemand wat onder opdrag of met die instemming van die Kommissaris enige plig in verband met doeane en aksyns uitvoer, hetsy die opdrag gegee of instemming betuig is voor of na die verrigting van bedoelde plig]** ’n doeanebeampte soos omskryf in die Wet op Doeanebeheer, ongeag of daardie beampte ’n doeanebeampte of ’n aksynsbeampte genoem word;”;
- (d) deur in subartikel (1) die omskrywing van “bemanning” deur die volgende omskrywing te vervang: 10
“**‘bemanning’ [ook iedereen (behalwe die gesagvoerder of loods) wat in enige hoedanigheid aan boord van ’n skip of vliegtuig in diens is]** bemanning soos in die Wet op Doeanebeheer omskryf;”;
- (e) deur in subartikel (1) die omskrywing van “binnelandse gebruik” deur die volgende omskrywing te vervang: 15
“**‘binnelandse gebruik’ [verbruik of gebruik]** dat die goedere in die Republiek verbruik, aangewend, geprosesseer of andersins oor beskik kan word as goedere wat nie meer aan doeanebeheer onderworpe is nie;”;
- (f) deur in subartikel (1) die omskrywings van “bobelasting”, “bobelasting-goedere”, “breekladinggoedere”, “depotbediener”, “deurvoerloods” en “deurvoerloodsbediener” te skrap; 20 25
- (g) deur in subartikel (1) na die omskrywing van “doeanebeheerde” die volgende omskrywing in te voeg:
“**‘doeanebeheergebied’** ’n doeanebeheergebied soos in die Wet op Doeanebeheer omskryf;”;
- (h) deur in subartikel (1) die omskrywing van “doeanereg” deur die volgende omskrywing te vervang: 30
“**‘doeanereg’ [behoudens die bepalings van subartikel (3), enige] ’n invoerreg [wat ingevolge Deel 1 van Bylae No. 1 of Bylae No. 2 op in die Republiek ingevoerde goedere hefbaar is]** soos in die Wet op Doeanereg omskryf;”;
- (i) deur in subartikel (1) die omskrywings van “gesagvoerder”, “houerbediener”, “houerdepot”, “houerdepotbediener”, “houer-eindpuntbediener” en “Internasionale Handelsadministrasiekommissie” te skrap; 35
- (j) deur in subartikel (1) die omskrywing van “invoerder” deur die volgende omskrywing te vervang: 40
“**‘invoerder’ [ook enigiemand wat, ten tyde van invoer—**
(a) **die eienaar van enige ingevoerde goedere is;**
(b) **die risiko van enige ingevoerde goedere dra;**
(c) **voorgee dat of optree asof hy die invoerder of eienaar van enige ingevoerde goedere is;** 45
(d) **werklik enige goedere die Republiek binnebring;**
(e) **op enige wyse hoegenaamd by enige ingevoerde goedere voordelige belang het;**
(f) **namens enigiemand in paragraaf (a), (b), (c), (d) of (e) vermeld, optree]** ’n invoerder soos in die Wet op Doeanebeheer omskryf;”;
- (k) deur in subartikel (1) die omskrywings van “kantoor”, “kombinasie-eindpunt” en “kombinasie-eindpunt bediener” te skrap; 50
- (l) deur in subartikel (1) die omskrywings van “ontgroeperingsbediener” en “ontgroeperingsdepot” te skrap;
- (m) deur in subartikel (1) die omskrywing van “onwettige goedere” deur die volgende omskrywing te vervang: 55
“**‘onwettige goedere’**, met betrekking tot [**ingevoerde of**] synsbare goedere, [**bobelastinggoedere of**] brandstofheffinggoedere, omgewingsheffinggoedere of Padongelukfondsheffinggoedere, enige sodanige goedere ten opsigte waarvan enige oortreding kragtens hierdie Wet begaan is, en ook enige preparaat of ander produk wat geheel en al of ten dele van spiritus of ander materiale wat onwettige goedere was, gemaak is;”;
- 60

- (m) by the substitution in subsection (1) for the definition of “illicit goods” of the following definition:
“**illicit goods**”, in relation to **[imported or]** excisable goods, **[surcharge goods or]** fuel levy goods, environmental levy goods or Road Accident Fund levy goods, means any such goods in respect of which any contravention under this Act has been committed, and includes any preparation or other product made wholly or in part from spirits or other materials which were illicit goods;”;
- (n) by the substitution in subsection (1) for the definition of “importer” of the following definition:
“**importer**” **[includes any person who, at the time of importation—**
(a) **owns any goods imported;**
(b) **carries the risk of any goods imported;**
(c) **represents that or acts as if he is the importer or owner of any goods imported;**
(d) **actually brings any goods into the Republic;**
(e) **is beneficially interested in any way whatever in any goods imported;**
(f) **acts on behalf of any person referred to in paragraph (a), (b), (c), (d) or (e)]** has the meaning assigned to it in the Customs Control Act;”;
- (o) by the deletion in subsection (1) of the definitions of “International Trade Administration Commission”, “L.C.L. container” and “master”;
- (p) by the deletion in subsection (1) of the definition of “Office”;
- (q) by the substitution in subsection (1) for the definition of “officer” of the following definition:
“**officer**” means a **[person employed on any duty relating to customs and excise by order or with the concurrence of the Commissioner, whether such order has been given or such concurrence has been expressed before or after the performance of the said duty]** customs officer within the meaning of the Customs Control Act, whether called a customs officer or excise officer;”;
- (r) by the substitution in subsection (1) for the definition of “Road Accident Fund levy goods” of the following definition:
“**Road Accident Fund levy goods**” means, subject to subsection (4), any goods specified in Part 5B of Schedule No. 1 which have been manufactured in or imported into the Republic;”;
- (s) by the deletion in subsection (1) of the definitions of “road vehicle terminal” and “road vehicle terminal operator”;
- (t) by the substitution in subsection (1) for the definition of “State warehouse” of the following definition:
“**State warehouse**” **[means any premises provided by the State for the deposit of goods for the security thereof and of the duties due thereon, or pending compliance with the provisions of any law in respect of such goods]** has the meaning assigned to it in the Customs Control Act;”;
- (u) by the deletion in subsection (1) of the definitions of “surcharge” and “surcharge goods”;
- (v) by the deletion in subsection (1) of the definitions of “transit shed” and “transit shed operator”;
- (w) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:
“(2) In this **[section, except in the definition of ‘package’, and in sections 4, 6, 7, 18, 38, 44, 64A and 87(2) and 107, ‘container’ means transport equipment of tariff heading 86.09—**
(a) **having an internal volume of not less than one cubic metre; and**
(b) **designed for the transport of goods by any means of carriage, without intermediate reloading,**
and in this Act ‘containerised’ has a corresponding meaning] Act ‘container’, when used as referring to reusable transport equipment within the meaning of the Customs Control Act, has the meaning assigned to it in that Act.”;

- (n) deur in subartikel (1) die omskrywing van “Padongelukfondsheffinggoedere” deur die volgende omskrywing te vervang:
“**‘Padongelukfondsheffinggoedere’**, behoudens subartikel (4), enige goedere in Deel 5B van Bylae No. 1 vermeld wat vervaardig is in, of in die Republiek ingevoer is”;
- (o) deur in subartikel (1) die woordsomskrywings van “padvoertuigeindpunt” en “padvoertuigeindpuntbediener” te skrap;
- (p) deur in subartikel (1) na die omskrywing van “persoon” die volgende omskrywing in te voeg:
“**‘prosedure vir aksynspakhuistransito’** die prosedure vir aksynspakhuistransito soos in die Wet op Doeanebeheer omskryf”;
- (q) deur in subartikel (1) die omskrywing van “reg” deur die volgende omskrywing te vervang:
“**‘reg’** enige aksynsreg [**hefbaar ingevolge hierdie Wet**], brandstofheffing of Padongelukfondsheffing, en behoudens—
(a) artikel 47B, enige lugpassasiersbelasting hefbaar ingevolge daardie artikel; en
(b) Hoofstuk VA, enige omgewingsheffing hefbaar ingevolge daardie Hoofstuk,
maar nie ook ’n doeanereg nie;”;
- (r) deur in subartikel (1) die omskrywing van “Staatspakhuis” deur die volgende omskrywing te vervang:
“**‘Staatspakhuis’** ’n [perseel wat deur die Staat voorsien word vir die opslag van goedere ter beveiliging daarvan en van die daarop betaalbare regte, of in afwagting van voldoening aan die bepalinge van enige wet ten opsigte van sodanige goedere] Staatspakhuis soos in die Wet op Doeanebeheer omskryf”;
- (s) deur in subartikel (1) na die omskrywing van “uitvoerder” die volgende omskrywing in te voeg:
“**‘uitvoerder’** [ook iemand wat ten tyde van uitvoer—
(a) die eienaar van enige uitgevoerde goedere is;
(b) die risiko van enige uitgevoerde goedere dra;
(c) voorgee dat of optree asof hy die uitvoerder of eienaar van enige uitgevoerde goedere is;
(d) werklik enige goedere uit die Republiek uitneem of poog om dit te doen;
(e) op enige wyse hoegenaamd by enige uitgevoerde goedere voordelige belang het;
(f) namens enigiemand in paragraaf (a), (b), (c), (d) of (e) bedoel, optree,
en, met betrekking tot ingevoerde goedere, ook die vervaardiger, verskaffer of verskeper van sodanige goedere of enigiemand binne of buite die Republiek wat sodanige vervaardiger, verskaffer of verskeper verteenwoordig of namens hom optree] ’n uitvoerder soos in die Wet op Doeanebeheer omskryf”;
- (t) deur in subartikel (1) die omskrywing van “V.B.-houer” te skrap;
- (u) deur in subartikel (1) na die omskrywing van “voorgeskryf” die volgende omskrywings in te voeg:
“**‘Wet op Doeanebeheer’** die Wet op Doeanebeheer, 2014; en
‘Wet op Doeanereg’ die Wet op Doeanereg, 2014;”;
- (v) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
“(2) In hierdie [artikel, behalwe in die omskrywing van ‘pak’ en in artikels 4, 6, 7, 18, 38, 44, 64A, 87(2) en 107, beteken ‘houer’ vervoertoerusting van tariefpos 86.09—
(a) wat ’n binne-kubieke inhoud van minstens een kubieke meter het; en
(b) wat ontwerp is vir die vervoer van goedere deur enige vervoermiddel, sonder tussenkomende oorlaaiery,
en in hierdie Wet het, ‘behouerde’ ’n ooreenstemmende betekenis] Wet beteken ‘houer’, wanneer dit gebruik word met verwysing na herbruikbare vervoertoerusting soos omskryf in die Wet op Doeanebeheer, wat dit in daardie Wet beteken.”;

- (x) by the substitution for the first subsection (3) and the second subsection (3) of the following subsection:
- “(3) For the purposes of the SACU Agreement—
- [(a) ‘customs duty’ includes, except for the purposes of articles 32, 33 and 34 of the said agreement, any duty leviable under Part 3, 5 or 8 of Schedule No. 1 on goods imported;]** 5
- (b) ‘excise duty’ includes, except for the purposes of articles 32, 33 and 34 of the said agreement, any duty leviable under Part 3, 5 or 8 of Schedule No. 1 on goods manufactured in the common customs area; and** 10
- [(3) For the purposes of the SACU Agreement,]**
- (c) the movement between the Republic and a Member State of any goods on which a duty is leviable under Part 3, Part 5A or Part 5B of Schedule No. 1 shall, in addition to any provision of the Customs Control Act generally regulating the movement of goods between the Republic and a Member State, be subject to compliance with the procedures prescribed in any provision of this Act relating to the movement of such goods.”;** 15
- (y) by the substitution for subsection (5) of the following subsection:
- “(5) The expression ‘goods under customs control’, ‘goods subject to customs control’ or ‘goods under control of the Commissioner’ and any cognate expression **[shall, unless the context otherwise indicates, be deemed to include, but is not limited to—** 20
- (a) any ship, vehicle or container contemplated in section 1(2) that is entering or leaving the Republic;** 25
- (b) any goods to which this Act relates that are—**
- (i) on any ship or vehicle or in any container contemplated in section 1(2) that is entering or leaving the Republic;**
- (ii) in, on or at any premises licensed, registered or approved, or which should have been so licensed, registered or approved, for any purpose in terms of this Act;** 30
- (iii) in, on or at any premises or at any place appointed, prescribed or designated in terms of section 6;**
- (iv) in transit within or through the Republic or conveyed for transshipment to any place outside the Republic in such manner as may be specified by rule;** 35
- (v) in, on or at a State warehouse or any place deemed in terms of section 43(2) to be a State warehouse;**
- (vi) in, on or at any place where goods are kept after having been detained or seized under the provisions of this Act; or** 40
- (vii) deemed in terms of any provision of this Act to be under customs control,**
- whether or not declared in terms of any provision of this Act or, if so declared, whether or not release thereof has been granted]** 45
- must be read as referring to goods that are subject to customs control in terms of Part 1 of Chapter 2 of the Customs Control Act.”;** and
- (z) by the insertion after subsection (5) of the following subsections:
- “(6) As from the effective date as contemplated in section 926 of the Customs Control Act, and unless the context otherwise indicates, any reference in a provision of this Act to— 50
- (a) a duty must be read as referring to a duty other than a customs duty;**
- (b) dutiable goods must be read as referring to goods dutiable other than for customs duty;** 55
- (c) imported goods or goods deemed to be imported into the Republic or goods deemed to be imported into the Republic in terms of section 10, must be read as referring to goods imported into the Republic within the meaning of “import” in the Customs Control Act;** 60
- (d) entry of goods must be read as referring—**

- (w) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(3) Vir die doeleindes van die SADU Ooreenkoms **[beteken]**—
- (a) beteken ‘aksynsreg’ ook, behalwe vir die doeleindes van artikels 32, 33 en 34 van genoemde ooreenkoms, enige reg wat ingevolge Deel 3, 5 of 8 van Bylae No. 1 op goedere wat in die gemeenskaplike doeanegebied vervaardig is, hefbaar is; 5
- [(b) ‘doanereg’ ook, behalwe vir die doeleindes van artikels 32, 33 en 34 van genoemde ooreenkoms, enige reg wat ingevolge Deel 3, 5 of 8 van Bylae No. 1 op ingevoerde goedere, hefbaar is;] en**
- (c) is die beweging tussen die Republiek en ’n Lidstaat van enige goedere waarop ’n reg kragtens Deel 3, Deel 5A of Deel 5B van Bylae No. 1 hefbaar is, benewens enige bepaling van die Wet op Doeanebeheer wat in die algemeen die beweging van goedere tussen die Republiek en ’n Lidstaat reël, onderhewig aan nakoming van die prosedures wat in enige bepaling van hierdie Wet betreffende die beweging van sodanige goedere voorgeskryf word.”; 10 15
- (x) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(5) Die uitdrukking ‘goedere onder doeanebeheer’, ‘goedere onderhewig aan doeanebeheer’ of ‘goedere onder die beheer van die Kommissaris’ en enige verwante uitdrukking **[word, tensy uit die samehang anders blyk, geag in te sluit, maar is nie beperk nie tot—**
- (a) **enige skip, voertuig of houer in artikel 1(2) beoog wat die Republiek binnekom of verlaat;**
- (b) **enige goedere waarop hierdie Wet betrekking het—**
- (i) **op enige skip of voertuig of in enige houer in artikel 1(2) beoog wat die Republiek binnekom of verlaat;** 25
- (ii) **in, op of by enige perseel wat ingevolge hierdie Wet vir enige doeleinde gelisensieer, geregistreer of goedgekeur is of wat aldus gelisensieer, geregistreer of goedgekeur behoort te gewees het;** 30
- (iii) **in, op of by enige perseel of by enige plek wat ingevolge artikel 6 aangewys, voorgeskryf of aangedui is;**
- (iv) **in transito binne of deur die Republiek of vir oorskeping vervoer na enige plek buite die Republiek op die wyse wat by reël bepaal word;** 35
- (v) **in, op of by ’n Staatspakhuis of enige plek wat ingevolge artikel 43(2) ’n Staatspakhuis geag word;**
- (vi) **in, op of by enige plek waar goedere gehou word nadat dit kragtens die bepalings van hierdie Wet aangehou is of daarop beslag gelê is; of** 40
- (vii) **wat ingevolge enige bepaling van hierdie Wet onder doeanebeheer geag word,**
- hetsy verklaar ingevolge enige bepalings van hierdie Wet al dan nie, of, indien aldus verklaar, hetsy lossing daarvan toegestaan is al dan nie] moet uitgelê word om te verwys na goedere wat ingevolge Deel 1 van Hoofstuk 2 van die Wet op Doeanebeheer aan doeanebeheer onderworpe is.”;** en 45
- (y) deur na subartikel (5) die volgende subartikels in te voeg:
- “(6) Vanaf die effektiewe datum soos in artikel 926 van die Wet op Doeanebeheer beoog, en tensy uit die samehang anders blyk, word enige verwysing in ’n bepaling van hierdie Wet na— 50
- (a) ’n reg uitgelê as ’n verwysing na ’n reg anders as ’n doanereg;
- (b) belasbare goedere uitgelê as ’n verwysing na goedere wat belasbaar is anders as vir doanereg;
- (c) ingevoerde goedere of goedere ingevolge artikel 10 geag in die Republiek ingevoer te gewees, uitgelê as ’n verwysing na goedere in die Republiek ingevoer soos in die omskrywing van “invoer” in die Wet op Doeanebeheer omskryf; 55
- (d) klaring van goedere uitgelê as ’n verwysing—
- (i) in die geval van ingevoerde goedere, na ’n klaring van goedere ingevolge die Wet op Doeanebeheer vir binnelandse gebruik of ’n doeaneprosedure; 60

- (i) in the case of imported goods, to a clearance of goods in terms of the Customs Control Act for home use or a customs procedure;
- (ii) in the case of goods manufactured in an excise warehouse—
 - (aa) to an entry in terms of this Act, if the goods are destined for home consumption or removal to another excise warehouse; or
 - (bb) to a clearance in terms of the Customs Control Act, if the goods are destined for another purpose or procedure which is a customs procedure in terms of that Act; or
- (iii) in the case of goods manufactured subject to customs control otherwise than in an excise warehouse, to a clearance of goods in terms of the Customs Control Act for a customs procedure;
- (e) a bill of entry must be read as referring—
 - (i) in the case of goods cleared or to be cleared as contemplated in paragraph (d)(i), (ii)(bb) or (iii), to a clearance declaration in terms of the Customs Control Act; or
 - (ii) in the case of goods entered or to be entered as contemplated in paragraph (d)(ii)(aa), to a bill of entry in terms of this Act;
- (f) entry or release of goods for home consumption must be read as referring,—
 - (i) in the case of imported goods, to clearance or release of goods for home use in terms of the Customs Control Act; or
 - (ii) in the case of goods manufactured in an excise manufacturing warehouse, to entry or release of goods for home consumption in terms of this Act;
- (g) entry or release of goods for export must be read as referring to clearance or release of goods for export in terms of the Customs Control Act;
- (h) entry or release of goods for removal in bond must be read as referring—
 - (i) in the case of imported goods, to clearance or release of goods in terms of the Customs Control Act for—
 - (aa) the excise warehouse transit procedure, if the goods are to be removed to an excise warehouse; or
 - (bb) the transit procedure or another customs procedure that allows goods to be transported under that procedure, if the goods are to be removed to a place other than an excise warehouse;
 - (ii) in the case of goods in or manufactured in an excise warehouse, to—
 - (aa) entry or release of goods for removal in bond in terms of this Act, if the goods are to be removed to another excise warehouse; or
 - (bb) clearance or release of goods in terms of the Customs Control Act under a customs procedure that allows goods to be transported under that procedure, if the goods are to be removed to a place other than an excise warehouse; or
 - (iii) in the case of goods manufactured subject to customs control otherwise than in an excise warehouse, to clearance or release of goods in terms of the Customs Control Act under a customs procedure that allows goods to be transported under that procedure;
- (i) removal of goods in bond must be read in a manner that corresponds with paragraph (h);
- (j) a licenced remover of goods in bond must be read as referring to—

- (ii) in die geval van goedere in 'n aksynspakhuis vervaardig—
 - (aa) na 'n klaring ingevolge hierdie Wet, indien die goedere vir binnelandse verbruik of verwydering na 'n ander aksynspakhuis bestem is; of
 - (bb) na 'n klaring ingevolge die Wet op Doeanebeheer, indien die goedere vir 'n ander doel of prosedure bestem is wat 'n doeaneprosedure ingevolge daardie Wet is; of
- (iii) in die geval van goedere onderworpe aan doeanebeheer wat andersins as in 'n aksynspakhuis vervaardig is, na 'n klaring van goedere vir 'n doeaneprosedure ingevolge die Wet op Doeanebeheer; 10
- (e) 'n klaringsbrief uitgelê as 'n verwysing—
 - (i) in die geval van goedere wat geklaar is of staan te word soos beoog in paragraaf (d)(i), (ii)(bb) of (iii), na 'n klaringsbrief ingevolge die Wet op Doeanebeheer; of 15
 - (ii) in die geval van goedere wat geklaar is of staan te word soos beoog in paragraaf (d)(ii)(aa), na 'n klaringsbrief ingevolge hierdie Wet;
- (f) klaring of lossing vir binnelandse verbruik uitgelê as 'n verwysing—
 - (i) in die geval van ingevoerde goedere, na klaring en vrystelling van goedere vir binnelandse gebruik ingevolge die Wet op Doeanebeheer; of
 - (ii) in die geval van goedere in 'n aksynsvervaardigingspakhuis vervaardig, na klaring of lossing van goedere ingevolge hierdie Wet; 20 25
- (g) klaring of lossing van goedere vir uitvoer uitgelê as 'n verwysing na klaring of vrystelling van goedere vir uitvoer ingevolge die Wet op Doeanebeheer; 30
- (h) klaring of lossing van goedere vir verwydering onder waarborg uitgelê as 'n verwysing—
 - (i) in die geval van ingevoerde goedere, na klaring of vrystelling van goedere ingevolge die Wet op Doeanebeheer vir— 35
 - (aa) die prosedure vir aksynspakhuistransito, indien die goedere na 'n aksynspakhuis verwyder staan te word; of
 - (bb) die transitoprosedure of 'n ander doeaneprosedure ingevolge waarvan goedere vervoer kan word, indien daardie goedere na 'n plek anders as 'n aksynspakhuis verwyder staan te word; 40
 - (ii) in die geval van goedere in of vervaardig in 'n aksynspakhuis, na—
 - (aa) klaring of lossing van goedere vir verwydering onder waarborg ingevolge hierdie Wet, indien die goedere na 'n ander aksynspakhuis verwyder staan te word; of
 - (bb) klaring of vrystelling van goedere ingevolge die Wet op Doeanebeheer kragtens 'n doeaneprosedure ingevolge waarvan goedere vervoer kan word, indien die goedere na 'n plek anders as 'n aksynspakhuis verwyder staan te word; of 50
 - (iii) in die geval van goedere onderworpe aan doeanebeheer wat anders as in 'n aksynspakhuis vervaardig is, na klaring of vrystelling van goedere ingevolge die Wet op Doeanebeheer kragtens 'n doeaneprosedure ingevolge waarvan goedere vervoer kan word; 55
- (i) verwydering van goedere onder waarborg uitgelê word op 'n wyse wat met paragraaf (h) ooreenstem;
- (j) 'n gelisensieerde vervoerder van goedere onder waarborg uitgelê as 'n verwysing na— 60

- (i) a remover in bond licensed in terms of this Act, if the goods are or are to be removed between excise warehouses; or
 - (ii) a carrier licensed in terms of the Customs Control Act to transport goods not in free circulation, if the goods are or are to be removed from an excise warehouse to a place other than another excise warehouse;
 - (k) a customs and excise warehouse must be read as referring to an excise warehouse;
 - (l) a fine or penalty provided for in this Act must be read as including a reference to a fine or penalty provided for in the Customs Control Act or the Customs Duty Act; and
 - (m) the Controller must—
 - (i) be read as a reference to the Commissioner; or
 - (ii) if the provision in which the reference is contained assigns a power or duty to the Controller that has been delegated in terms of section 3, be read as a reference to an officer or person to whom that power or duty has been delegated in terms of section 3.
- (7) (a) If goods or any other things are to be detained, seized or forfeited in terms of this Act, the detention, seizure or forfeiture must be effected and the goods or thing be dealt with in accordance with Chapter 34 of the Customs Control Act.
- (b) Any such detention, seizure or forfeiture under this Act must for purposes of paragraph (a) be regarded to be a detention, seizure or confiscation contemplated in that chapter.
- (8) In the event of any inconsistency between a provision of this Act and a provision of the Customs Control Act or the Customs Duty Act, the provision of this Act prevails if the provision of this Act relates to—
- (a) an excise duty, fuel levy, Road Accident Fund levy, environmental levy or air passenger tax;
 - (b) an excise warehouse; or
 - (c) a matter, goods or a person in connection with any such duty, levy or tax or warehouse.”.

Amendment of section 2 of Act 91 of 1964, as amended by section 1 of Act 45 of 1995 and section 132 of Act 45 of 2003

2. Section 2 of the principal Act is hereby amended by the deletion of subsections (1A) and (2).

Amendment of section 3 of Act 91 of 1964, as amended by section 132 of Act 45 of 2003 and section 27 of Act 21 of 2012

3. Section 3 of the principal Act is hereby amended—
- (a) by the substitution for the section heading of the following section heading:
“**Delegation of duties and powers of [Commissioners] Commissioner**”;
 - (b) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:
“(1) Any duty imposed or power conferred on the Commissioner in terms of this Act may be performed or exercised by—
 - (a) the Commissioner personally; or
 - (b) [by] an officer or any other person under—
 - (i) a delegation from the Commissioner in terms of section 19 of the Customs Control Act; or
 - (ii) [under] the control or direction of the Commissioner.”;

- (i) 'n vervoerder onder waarborg ingevolge hierdie Wet gelisensieer, indien die goedere tussen aksynspakhuis verwyder word of staan te word; of
 - (ii) 'n vervoerder ingevolge die Wet op Doeanebeheer gelisensieer om goedere nie in vry sirkulasie nie te vervoer, indien die goedere vanaf 'n aksynspakhuis na 'n plek anders as 'n ander aksynspakhuis vervoer word of staan te word;
 - (k) 'n doeane en aksyns pakhuis uitgelê as 'n verwysing na 'n aksynspakhuis;
 - (l) 'n boete of pene waarvoor in hierdie Wet voorsiening gemaak word, uitgelê as 'n verwysing ook na 'n boete waarvoor in die Wet op Doeanebeheer of die Wet op Doeanereg voorsiening gemaak word; en
 - (m) die Kontroleur uitgelê as—
 - (i) 'n verwysing na die Kommissaris; of
 - (ii) indien die bepaling waarin die verwysing voorkom 'n bevoegdheid of plig aan die Kontroleur opdra wat ingevolge artikel 3 gedelegeer is, 'n verwysing na 'n beampte of persoon aan wie die bevoegdheid of plig ingevolge artikel 3 gedelegeer is.
- (7) (a) Indien goedere of enige ander ding ingevolge hierdie Wet aangehou, op beslag gelê of verbeurd verklaar staan te word, moet die aanhouding, beslaglegging of verbeurdverklaring uitgevoer, en die goedere of ding mee gehandel word ooreenkomstig Hoofstuk 34 van die Wet op Doeanebeheer.
- (b) So 'n aanhouding, beslaglegging of verbeurdverklaring moet vir die doeleindes van paragraaf (a) geag word 'n detensie, beslaglegging of konfiskering beoog in daardie Hoofstuk te wees.
- (8) In die geval van enige teenstrydigheid tussen 'n bepaling van hierdie Wet en 'n bepaling van die Wet op Doeanebeheer of die Wet op Doeanereg, geniet die bepaling van hierdie Wet voorrang indien die bepaling van hierdie Wet betrekking het op—
- (a) 'n aksynsreg, brandstofheffing, Padongelukfondsheffing, omgewingsheffing of lugpassassiersbelasting;
 - (b) 'n aksynspakhuis; of
 - (c) 'n aangeleentheid, goedere of persoon wat met so 'n reg, heffing of belasting of pakhuis verband hou.”.

Wysiging van artikel 2 van Wet 91 van 1964, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 45 van 1995 en artikel 132 van Wet 45 van 2003

2. Artikel 2 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikels (1A) en (2) te skrap.

Wysiging van artikel 3 van Wet 91 van 1964, soos gewysig deur artikel 132 van Wet 45 van 2003 en artikel 27 van Wet 21 van 2012

3. Artikel 3 van die Hoofwet word hierby gewysig—
- (a) deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang: 45
“**Delegering van pligte en bevoegdhede van [Kommissaris] Kommissaris**”;
 - (b) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:
“(1) Enige plig ingevolge hierdie Wet die Kommissaris opgelê of bevoegdheid die Kommissaris verleen, kan verrig of uitgeoefen word deur—
(a) die Kommissaris self[,]; of
(b) [deur] 'n beampte of 'n ander persoon ingevolge—
 - (i) 'n delegasie van die Kommissaris ingevolge artikel 19 van die Wet op Doeanebeheer; of
 - (ii) onder beheer of toesig van die Kommissaris[, **verrig of uitgeoefen word.**]”;

- (c) by the insertion after subsection (1) of the following subsection:
“(1A) A reference to the Controller in a provision of this Act imposing a duty or conferring a power on the Controller must, for purposes of a delegation in terms of section 19 of the Customs Control Act, be read as a reference to the customs authority.”; and
(d) by the deletion of subsection (2).

Repeal of sections 3A, 4, 4B, 4C, 6, 6A, 7, 7A, 8, 9, 10, 11, 11A, 12, 13, 14, 15, 16 and 17 of Act 91 of 1964

4. Sections 3A, 4, 4B, 4C, 6, 6A, 7, 7A, 8, 9, 10, 11, 11A, 12, 13, 14, 15, 16 and 17 of the principal Act are hereby repealed:

Amendment of section 18 of Act 91 of 1964, as amended by section 2 of Act 95 of 1965, section 6 of Act 105 of 1969, section 4 of Act 71 of 1975, section 3 of Act 105 of 1976, section 3 of Act 112 of 1977, section 4 of Act 84 of 1987, section 13 of Act 59 of 1990, section 11 of Act 45 of 1995, section 48 of Act 53 of 1999, section 37 of Act 19 of 2001, section 119 of Act 60 of 2001, section 102 of Act 74 of 2002, section 21 of Act 34 of 2004, section 16 of Act 21 of 2006 and section 26 of Act 18 of 2009

5. Section 18 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution in subsection (1) for paragraph (a) of the following paragraph:
“(a) except as otherwise prescribed by rule—
 (i) **the importer or owner of any imported goods landed in the Republic;**
 (ii) the licensee of any **[customs and]** excise manufacturing warehouse in which excisable or fuel levy goods are manufactured;
 (iii) the licensee of any excise storage warehouse in which excisable or fuel levy goods are stored;
 (iv) the licensee **[or owner of any imported goods stored in a customs and] of an excise [storage] warehouse to which imported goods were removed;** or
 (v) any clearing agent licensed in terms of section 64B appointed by such **[importer, owner or]** licensee, may enter such goods for removal in bond **[and may remove such goods or cause such goods to be removed—**
 (aa) **in the case of goods contemplated in subparagraph (i), to any place in the Republic appointed as a place of entry or warehousing under this Act or to any place outside the Republic: Provided that any goods which are in transit through the Republic as contemplated in subsection (1A), may only be so entered and removed or caused to be so removed by such licensed clearing agent; or**
 (bb) **in the case of goods contemplated in subparagraphs (ii), (iii) or (iv), to any warehousing place in the Republic or to any place in any other country in the common customs area appointed as a warehousing place for rewarehousing at that place in another such warehouse]**
to another excise warehouse or for another purpose as may be specified by rule: Provided that this paragraph may not be read as permitting the removal of goods from one excise storage warehouse to another excise storage warehouse.”;
(b) by the deletion in subsection (1) of paragraphs (b), (c), (d) and (e);
(c) by the deletion of subsection (1A);

- (c) deur na subartikel (1) die volgende subartikel in te voeg:
“(1A) ’n Verwysing na die Kontroleur in ’n bepaling wat ’n reg oplê of ’n bevoegdheid aan die Kontroleur verleen, word vir doeleindes van ’n delegasie ingevolge artikel 19 van die Wet op Doeanebeheer as ’n verwysing na die doeane gesag uitgelê.”; en
- (d) deur subartikel (2) te skrap.

Herroeping van artikels 3A, 4, 4B, 4C, 6, 6A, 7, 7A, 8, 9, 10, 11, 11A, 12, 13, 14, 15, 16 en 17 van Wet 91 van 1964

4. Artikels 3A, 4, 4B, 4C, 6, 6A, 7, 7A, 8, 9, 10, 11, 11A, 12, 13, 14, 15, 16 en 17 van die Hoofwet word hierby herroep.

Wysiging van artikel 18 van Wet 91 van 1964, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 95 van 1965, artikel 6 van Wet 105 van 1969, artikel 4 van Wet 71 van 1975, artikel 3 van Wet 105 van 1976, artikel 3 van Wet 112 van 1977, artikel 4 van Wet 84 van 1987, artikel 13 van Wet 59 van 1990, artikel 11 van Wet 45 van 1995, artikel 48 van Wet 53 van 1999, artikel 37 van Wet 19 van 2001, artikel 119 van Wet 60 van 2001, artikel 102 van Wet 74 van 2002, artikel 21 van Wet 34 van 2004, artikel 16 van Wet 21 van 2006 en artikel 26 van Wet 18 van 2009

5. Artikel 18 van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:
“(a) behalwe soos anders by reël voorgeskryf kan,
- (i) **die invoerder of eienaar van enige ingevoerde goedere wat in die Republiek geland is;**
 - (ii) die gelisensieerde van enige **[doeane- en]** aksyns-vervaardigingspakhuis waarin sinsbare of brandstof-heffinggoedere vervaardig word;
